

/vv

IN DIE VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak nr. 2116/2007

In die saak tussen:

CALIBAIN BK h/a SWEDO TECH

MOTOR CENTRE

EISER

en

ABSA BANK BPK

VERWEERDER

CORAM:

PLOOS VAN AMSTEL, WND. R

UITSPRAAK:

PLOOS VAN AMSTEL, WND. R

AANGEHOOR OP:

28 NOVEMBER 2008

GELEWER OP:

22 OKTOBER 2009

-
- [1] Hierdie aangeleentheid is voor my geplaas en beredeneer by wyse van gestelde saak in terme van die bepalings van hofreël 33 van die Eenvormige Hofreëls.

[2] Opsommenderwys is die relevante feite waarop die partye ooreengekom het, soos volg:

1. Op of ongeveer 4 Maart 2005 het ene Madeleen Janse van Rensburg (“Janse van Rensburg”) ‘n afbetalingsverkoop-ooreenkoms gesluit met JD Enterprises Trust handeldrywend as Bloemgate Motors (“Bloemgate Motors”) in terme waarvan Bloemgate Motors ‘n sekere Audi A3 2.0 TDi Ambition 2005 motorvoertuig met enjinnommer BKD095500 en onderstelnummer WAUZZZ8P44AU7256 (“die voertuig”) verkoop het aan Janse van Rensburg;
2. Op dieselfde datum het Bloemgate Motors die afbetalingsverkoop-ooreenkoms sedeer aan Absa Bank Bpk handeldrywend as Absa Voertuig Bate Finansiering (“die verweerder”) vir die bedrag van R130 399.99 welke bedrag verweerder betaal het aan Bloemgate Motors;
3. Uit hoofde van die ooreenkoms tussen die verweerder en Bloemgate Motors was Janse van Rensburg daartoe verplig om haar verpligtinge in terme van die

afbetalingsverkooppooreenkoms met Bloemgate Motors, voortaan teenoor die verweerder na te kom, welke sy dan ook gedoen het;

4. Te alle relevante tye vir doeleindes van hierdie aksie:
 - (a) het verweerder die eiendomsreg ten aansien van die voertuig voorbehou *in securitatem debiti*;
 - (b) het Bloemgate aan Janse van Rensburg voorgehou en voorgestel dat indien sy die geheel van die bedrag wat verskuldig is in terme van die afbetalingsverkooppooreenkoms betaal, die eiendomsreg in en ten opsigte van die voertuig onmiddellik by delging van die uitstaande balans in haar sal setel;
5. Gedurende of ongeveer Julie 2005 het Janse van Rensburg die voertuig ingeruil by (en dus verkoop aan) Calibain BK handeldrywend as Swedo Tech Motor Centre ("die eiser");

6. Die eiser het die aflosbedrag ten bedrae van R128 169,91 namens Janse van Rensburg aan die verweerder betaal, op die veronderstelling dat Janse van Rensburg onmiddellik die eienaar sou word van die voertuig na betaling van die uitstaande bedrag en die eiendomsreg in die voertuig sonder verwyl aan die eiser sou oordra;
7. Ter uitvoering van hierdie ooreenkoms het eiser besit geneem van die voertuig vanaf Janse van Rensburg;
8. Op of omtrent 19 Julie 2005 het eiser die voertuig aan Standard Bank Voertuig- en Bate Finansiering handeldrywend as Stannic verkoop;
9. Op of ongeveer 26 Augustus 2005 het die Suid-Afrikaanse Polisie diens beslag gelê op die voertuig en dit in besit geneem op grond van inligting dat die voertuig gesteel is by ene Hendrik Kuun, die ware eienaar van die voertuig;

10. Gedurende 2006 het die Suid-Afrikaanse Polisie diens die voertuig oorhandig aan gemelde Kuun se versekeraar, te wete Outsurance;
11. Nie Stannic, die eiser of Janse van Rensburg het die beslaglegging en daaropvolgende uitwinning regtens teengestaan nie aangesien die aanspraak van die gemelde Kuun oënskynlik onweerstaanbaar was;
12. Stannic, die eiser en Janse van Rensburg se reg op besit van die voertuig is dus permanent verbeur;
13. Stannic het die eiser aangemaan om die koopsom terug te betaal en die eiser het dit inderdaad gedoen;
14. Eiser het Janse van Rensburg aangemaan om die aflosbedrag wat die eiser namens haar aan die verweerder betaal het, terug te betaal, maar het op 31 Maart 2007 sessie geneem van Janse van Rensburg se vorderingsreg teen die verweerder, vir terugbetaling van die aflosbedrag;

15. Eiser se vordering teen verweerder is ingestel op grond van die gemelde sessie.

[3] Elk van die partye het 'n bundel opgehandig bevattende tersaaklike dokumente waarop ooreengekom is, vir doeleindes van beregting van die Gestelde Saak.

[4] Die regs vrae wat vir beslissing aan die hof voorgelê is, is as volg geformuleer:

1. Het die verweerder enige wanvoorstellings aan Madeleen Janse van Rensburg gemaak wat aanleiding kan gee tot aanspreeklikheid van die verweerder teenoor die eiser?

2. Indien voorstellings wel gemaak is, was die voorstellings onwaar?

3. Is die verweerder verplig om restitusie te doen aan Madeleen Janse van Rensburg?

[5] 'n Samevatting van die eiser se wesenlike bewerings soos in

die Gestelde Saak uiteengesit, is as volg:

1. Eiser doen aan die hand dat die verweerder aan Janse van Rensburg voorgestel en voorgehou het dat:

(a) verweerder die reg van eienaarskap ten aansien van die voertuig het;

(b) indien Janse van Rensburg die uitstaande balans (die aflosbedrag) betaal, die verweerder haar die eienaar van die voertuig sal maak; alternatiewelik dat eiendomsreg in en tot die voertuig onmiddellik by delging van die uitstaande balans, in Janse van Rensburg sal setel;

2. Eiser doen aan die hand dat die verweerder se voorstellings aan Janse van Rensburg onwaar was deurdat:

(a) verweerder nie die eienaar van die voertuig was nie;

- (b) verweerder nie eiendomsreg in en ten aansien van die voertuig gehou het nie; alternatiewelik dat verweerder nooit die eienaar van die voertuig kon wees nie vanweë die feit dat die voertuig nie wettiglik of regmatiglik aan die verweerder kon behoort nie;
- (c) verweerder nooit eiendomsreg in en ten aansien van die voertuig kon hou of die eiendomsreg kon voorbehou nie, vanweë die feit dat eiendomsreg nie wettiglik of regmatiglik aan die verweerder oorgedra kon word nie;
- (d) verweerder gevolglik Janse van Rensburg nie eienaar van die voertuig gemaak het nie;
- (e) eiendomsreg nooit by delging of betaling van die aflosbedrag in Janse van Rensburg kon setel nie.

3. Eiser doen aan die hand dat die verweerder se beweerde voorstellings, onskuldige wanvoorstellings was wat daartoe

aanleiding gegee het dat Janse van Rensburg met die verweerder ooreengekom het om die aflosbedrag te betaal en op sterkte hiervan, met die eiser 'n ooreenkoms gesluit het tot haar nadeel en het sy tot haar nadeel gehandel deur die eiser toe te laat om die aflosbedrag namens haar te betaal;

4. Eiser doen aan die hand dat die verweerder geweet het of redelikerwys kennis moes dra dat Janse van Rensburg die aflosbedrag sou betaal of namens haar sou laat betaal op sterkte van die voorstelling dat eiendomsreg by betaling in haar sou setel en dat sy met die voertuig sou kon handel soos sy goeddink, onder andere deur dit weer te verkoop;
5. Eiser doen gevolglik aan die hand dat Janse van Rensburg geregtig is op restitusie van wat sy presteer het (*in casu* beperk tot die aflosbedrag wat aan die verweerder betaal is);
6. Eiser vorder gevolglik uit hoofde van die reg wat aan die

eiser gesedeer is, betaling van R128 169,91 tesame met *moratore* rente vanaf 12 Oktober 2005, asook koste van die geding.

[6] Die verweerder se wesenlike bewerings soos in die Gestelde Saak uiteengesit, kan as volg saamgevat word:

1. Verweerder doen aan die hand dat geen voorstellings van enige aard aan Janse van Rensburg gemaak is nie, nog minder enige wanvoorstellings;
2. Verweerder doen aan die hand dat die verweerder 'n sessionaris is en die regte van Bloemgate Motors oorgeneem het;
3. Verweerder voer aan dat geen verpligtinge op die verweerder oorgegaan het nie, ook nie die verpligting om eiendomsreg aan Van Rensburg of aan die eiser oor te dra nie;
4. Verweerder voer aan dat eiendomsreg op Janse van

Rensburg oorgegaan het as gevolg van die vervulling van 'n opskortende voorwaarde in die afbetalingsverkoop-ooreenkoms en nie as gevolg van enige oordragshandeling vanaf die verweerder se kant nie;

5. Verweerder doen aan die hand dat, in terme van klousule 11 van die Nie-verhaal Ooreenkoms gesluit tussen Bloemgate Motors en die verweerder, geen van Bloemgate se verpligtinge deur die verweerder oorgeneem is nie;
6. Verweerder doen aan die hand dat Janse van Rensburg gevolglik nie geregtig is op enige restitusie van die verweerder nie, maar wel van die ander kontraksparty, te wete Bloemgate Motors;
7. Verweerder doen gevolglik aan die hand dat die eiser se vordering van die hand gewys moet word met koste.

[7] As basis vir die beweerde wanvoorstellings deur verweerder aan Janse van Rensburg het die eiser gesteun op 'n dokument wat deur die verweerder aan Janse van Rensburg

voorsien is op 21 Julie 2005 toe die presiese aflosbedrag op haar versoek verstrekkend is en waarin die volgende sinsnede verskyn:

“Kindly note that the right of ownership of the goods shall vest in Absa until the settlement amount is actually received by us.”

[8] Op sterkte van hierdie skrywe, vervat in die eiser se bundel van dokumente onder Item nr 4 op bladsy 4, is voor my deur adv. Snellenburg namens die eiser betoog dat die volgende onware voorstellings deur verweerder aan Janse van Rensburg gemaak is, naamlik:

- (a) eiendomsreg in die voertuig setel in die verweerder;
- (b) die eiendomsreg in die voertuig word voorbehou totdat die aflosbedrag deur Janse van Rensburg betaal is;
- (c) by vereffening van die aflosbedrag, sal eiendomsreg in die voertuig aan Janse van Rensburg oorgedra word.

[9] Die argument lui dan dat, objektiewelik gesproke, die verweerder nie eiendomsreg in die voertuig kon voorbehou nie

omdat dit 'n gesteelde voertuig was en dat die belofte van eiendomsoordrag aan Janse van Rensburg by vereffening van die aflosbedrag, 'n onskuldige wanvoorstelling was wat eiser uit hoofde van die sessie wat hy bekom het, geregtig sou maak op die aangevraagde regshulp.

[10] Vir doeleindes van die beregting van die geskil tussen die partye soos geformuleer in die Gestelde Saak, is dit noodsaaklik om die aard en inslag van 'n verdiskonteringsooreenkoms, te ondersoek.

[11] Dit is een van die naturalia van 'n koopkontrak dat die verkoper verplig is om *vacua possessio* aan die koper te laat toekom, ooreenkomstig 'n geïmpliseerde waarborg dat die koper volle, vrye en ongestoorde besit van die saak sal hê in so 'n mate dat hy nie regtens uitgewin sal word deur iemand met 'n beter titel nie. (Sien oor die algemeen **DE WET & VAN WYK, KONTRAKTEREG EN HANDELSREG, VYFDE UITGAWE, VOL. 1, 329 et seq.** en sien **KLEYNHANS BROTHERS v WESSELS' TRUSTEE** 1927 AD 271, 290; **FRYE'S (PTY) LTD v RIES** 1957 (3) SA 575 (AD) 581 en **LAMMERS & LAMMERS v GIOVANNONI** 1955 (3) SA 385

(AD) 390).

[12] Dit is gewoonlik die bedoeling van die kontrakspartye dat hierdie *vacua possessio* die vorm van volle eiendomsreg sal aanneem.

[13] Ook die onderhawige afbetalingsverkooppooreenkoms tussen Bloemgate Motors en Janse van Rensburg het ten doel om die koper uiteindelik eienaar van die voertuig te maak.

[14] Klousule 4 van die voorwaardes van die afbetalingsverkooppooreenkoms, ingebind in die verweerder se bundel van dokumente op bladsy 3 saamgelees met bladsy 20, is in die vorm van 'n *pactum reservati domini* en bepaal as volg:

“Notwithstanding delivery, ownership of the Goods shall not pass to the purchaser until all amounts owing under this agreement have been paid in full.”

[15] Klousule 4 het gevolglik ten doel om die eiendomsreg van die

voertuig voor te behou totdat betaling ingevolge die afbetalingsverkooppoorenkoms, ten volle geskied het.

- [16] Aldus vorm volle betaling ingevolge die kontrak 'n opskortende voorwaarde vir oorgang van eiendomsreg. Sien **GE FARMER v BANKFIN BPK & 'N ANDER** saaknommer 15343/92 (ongerapporteerd) TPD p. 7/10; **INFO PLUS v SCHEELKE & ANOTHER** 1998 (3) SA 184 (SCA).

- [17] By verstek aan so 'n klousule sou eiendomsreg op die koper by lewering oorgegaan het, maar die opskortende voorwaarde ten aansien van oorgang van eiendomsreg het klaarblyklik ten doel dat eiendomsreg intussen as sekuriteit vir betaling van die uitstaande skuld voorbehou word, (Vergelyk **DIEMONT & ARONSTAM, THE LAW OF CREDIT AGREEMENTS & HIRE PURCHASE IN SOUTH AFRICA** (VYFDE UITGAWE) p. 2 en sien p. 11) waarvoor dan ook voorsiening gemaak word in klousule 4 van die afbetalingsverkooppoorenkoms, soos hierbo gemeld.

- [18] Die *bona fide* kontemplasie van die partye was inderdaad dat Bloemgate Motors die eienaar van die voertuig was en dat

Janse van Rensburg na betaling van alle bedrae verskuldig in terme van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms, sonder meer eienaar van die voertuig sou word.

[19] Die verpligting om aan Janse van Rensburg 'n waarborg teen uitwinning te gee of 'n onaanvegbare titel ten aansien van die motor oor te dra, het te alle tye in Bloemgate Motors gesetel.

[20] 'n Verdiskontering van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms by wyse van sessie, bring nie 'n verandering in hierdie regsposisie mee nie.

[21] Klousule 5.1 van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms maak daarvoor voorsiening dat die regte van Bloemgate Motors in terme van die ooreenkoms, aan 'n ander oorgedra mag word, en bepaal as volg:

“The Seller has the right to cede and transfer to any person or entity any of its rights under this agreement and in such event the Purchaser agrees to hold the Goods on behalf of the cessionary from the date of cession and to make all payments due in terms of this agreement to the cessionary after receipt

of notice of cession. In the event of such cession, reference to the Seller shall be deemed to be a reference to the cessionary.”

[22] Die afbetalingsverkooppooreenkoms tussen Bloemgate Motors en Janse van Rensburg maak nie melding en dus ook nie voorsiening vir die oordrag van Bloemgate Motors se verpligtinge aan ‘n ander nie en die kontrak tussen die partye het dus duidelik voorsiening daarvoor gemaak dat slegs die regte en nie ook die verpligtinge van Bloemgate Motors nie, gesedeer word.

[23] Die voorgename sessionaris sou dus geen verpligtinge van Bloemgate Motors oorneem nie en gevolglik geen aanspreeklikheid teenoor die koper opdoen nie. (Vergelyk **MILNER v UNION DOMINIONS CORPORATION SA LTD** 1959 (3) SA 674 (C) 677A – B, 679A; **TRUST BANK OF AFRICA LTD v IMPERIAL GARAGE**, 1963 (1) SA 123 (AD) 130H – 131A.

[24] Ook die voorgename oordrag van eiendomsreg sou geskied op die basis dat die sessionaris geen verpligtinge van die

sedent teenoor die koper oorneem nie, wat insluit die geïmpliseerde waarborg en verpligting om *vacua possessio* aan die koper te verleen.

- [25] Dat die verweerder geen verpligtinge van Bloemgate Motors oorgeneem het uit hoofde van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms met Janse van Rensburg en ten opsigte van die voertuig nie, word bevestig in klousule 11 van die Nie-Verhaal ooreenkoms tussen Bloemgate Motors en die verweerder wat gesluit is op 31 Augustus 2001 (soos vervat op bladsye 6 – 9 van die verweerder se bundel van dokumente) en as volg bepaal:

“Geen bepaling in hierdie ooreenkoms vervat, sal op so ‘n wyse uitgelê word dat die Bank van die Handelaar se verpligtinge kragtens enige ooreenkoms(te) of die gemene reg met betrekking tot die ooreenkoms(te), die goedere of slegs die goedere oorneem nie.”

- [26] In die onderhawige geval het daar egter nie slegs ‘n sessie van regte vanaf Bloemgate Motors na die verweerder plaasgevind nie, maar het Bloemgate Motors ook sy

gewaande eiendomsreg van die voertuig aan die verweerder oorgedra.

[27] Dit word duidelik gestel uit hoofde van die bepalings van klousules 5 en 6 van die Nie-Verhaal ooreenkoms wat as volg bepaal:

“5. Die Handelaar sal die ooreenkoms(te) aan die Bank lewer en daardeur al sy reg, titel en belang in en tot die ooreenkoms(te) aan die Bank seeder en oordra. Die Handelaar sal ook die eiendomsreg van die goedere waarop die ooreenkoms(te) betrekking het aan die Bank oordra deur lewering van die goedere aan die Bank of sy verteenwoordiger, synde die kliënt(e) wat kragtens die ooreenkoms(te) die goedere namens die bank sal hou vanaf sessie van die regte in en tot die ooreenkoms(te) aan die Bank. Lewering van slegs die goedere sal deur die Handelaar op instruksies van die Bank bewerkstellig word, deur lewering van die goedere aan die persoon wat deur die Bank genomineer word.

6. Die Bank sal die reg hê om te enige tyd enige of al die kopers, huurders, bruikhuurders of ander gebondenes in terme van die ooreenkoms(te) (hierna “die kliënt(e)” genoem) in kennis te stel dat die ooreenkoms(te) en die goedere wat die onderwerp van die ooreenkoms uitmaak aan die Bank verkoop, gesedeer en gelewer is, dat die kliënt(e) die goedere voortaan vanaf datum van die sessie namens die Bank hou en dat alle aanspreeklikheid uit hoofde van die gemelde ooreenkoms(te), teenoor die Bank vanaf datum van die sessie van die ooreenkoms(te) nagekom moet word.”

[28] Die sessie, gekoppel met die oordrag van eiendomsreg, het egter nie die regseffek van ‘n delegasie van verpligtinge wat die waarborg teen uitwinning betref of ‘n verligting tot lewering van eiendomsreg, wanneer volle betaling van die uitstaande balans gemaak is nie.

[29] Die Nie-Verhaal ooreenkoms wat die verhouding tussen Bloemgate Motors en die verweerder bepaal, en wat die *causa* vir die oorgang van regte tussen hulle gevorm het, het duidelik voorsiening daarvoor gemaak dat slegs regte en nie verpligtinge nie, gesedeer word. Ook die oordrag van

eiendomsreg vanaf Bloemgate Motors aan die verweerder sou dus geskied op die basis dat die verweerder geen verpligtinge teenoor Janse van Rensburg oorneem nie. (Vergelyk **GE FAMER v BANKFIN BPK & 'N ANDER**, *supra* p. 15/15).

- [30] Die verpligting om eiendomsreg of *vacua possessio* aan Janse van Rensburg te lewer soos uit die afbetalingsverkoop-ooreenkoms voortspruit, het nie op die verweerder oorgegaan by die vermelde sessie nie en geen delegasie het in daardie verband plaasgevind nie. (Vergelyk **GE FAMER v BANKFIN BPK & 'N ANDER**, *supra* p. 18/10; **DE BRUYN v CENTENARY FINANCE COMPANY (PTY) LTD** 1977 (3) SA 37 (T) 41E – G).

- [31] Die oorgang van eiendomsreg geskied naamlik steeds by vervulling van die opskortende voorwaarde, naamlik die betaling van die uitstaande balans in terme van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms. Geen verdere ooreenkoms of oordrag-handeling word vereis nie en die koper hoef selfs nie in fisiese besit van die voertuig te wees op die tydstip wanneer die aflosbedrag betaal en die opskortende voorwaarde dus vervul word nie. (Vergelyk **INFO PLUS v SCHEELKE &**

ANOTHER 1998 (3) SA 184 (SCA)).

- [32] Eiendomsreg sou naamlik op die koper oorgaan weens vervulling van 'n voorwaarde en nie weens uitvoering van 'n verpligting deur die verweerder nie. (Vergelyk **GE FAMER v BANKFIN BPK & 'N ANDER**, *supra*, p. 18/5).
- [33] Die mededeling deur die verweerder in die skrywe van 21 Julie 2005 toe die aflosbedrag aan Janse van Rensburg verstrek is, naamlik dat die reg van eiendomsreg in die voertuig in die verweerder sal setel totdat die aflosbedrag deur die verweerder ontvang word, was dus bloot die konstatering van 'n feit, naamlik die bevestiging van die bestaan van sodanige kontraktuele bepaling. Hierdie mededeling is gemaak bykans vyf maande nadat die afbetalingsverkoop-ooreenkoms tussen Bloemgate Motors en Janse van Rensburg gesluit is.
- [34] Die verweerder was nie 'n party tot die afbetalingsverkoop-ooreenkoms tussen Bloemgate Motors en Janse van Rensburg nie en het geen rol gespeel by kontraksluiting nie. Die verdiskontering van daardie ooreenkoms by wyse van sessie bring die sessionaris (die

verweerder) nie binne die kontraktuele verband wat tussen die skuldenaar (Janse van Rensburg) en die sedent (Bloemgate Motors) bestaan nie. (Sien: **MILNER v UNION DOMINIONS CORPORATION SA LTD** 1959 (3) SA 674 (C) 676D; **VAN ZYL v CREDIT CORPORATION OF SOUTH AFRICA LTD** 1960 (4) SA 582 (AA) 589A).

[35] Daar bestaan dus geen kontraktuele band tussen die verweerder en die koper (Janse van Rensburg) nie.

[36] Die verweerder se gewaande eiendomsreg is ontleen uit hoofde van die sessie.

[37] Dit moes vir Janse van Rensburg duidelik gewees het uit hoofde van die bepalings van klousule 5.1 van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms en die daaropvolgende kennisgewing van die sessie.

[38] Die verweerder as sessionaris kon nie meer regte verkry as waaroor die sedent (Bloemgate Motors) beskik het nie.

[39] Die oorgang van eiendomsreg by vervulling van die

voorwaarde was 'n term van die afbetalingsverkoop-ooreenkoms en geen voorstelling nie.

[40] Janse van Rensburg is nie deur enige beweerde voorstelling van die verweerder beweeg tot kontraksluiting met Bloemgate Motors nie.

[41] Die regs-vrae wat aan my voorgehou is vir beslissing, moet dus ontkennend en afwysend beantwoord word.

[42] Die verweerder het geen wanvoorstellings aan Madeleen Janse van Rensburg gemaak nie, doen dus geen aanspreeklikheid teenoor die eiser op nie en is nie verplig om restitusie te doen aan Madeleen Janse van Rensburg, (en dus aan die eiser uit hoofde van die sessie) nie.

[43] Janse van Rensburg se vordering, indien enige, en waarvoor ek geen mening uitspreek nie, is teen Bloemgate Motors en nie teen die verweerder nie.

[44] Die eiser se vordering word dus van die hand gewys met

koste.

C. PLOOS VAN AMSTEL, WND. R

Namens eiser:

Adv. N. Snellenburg

In opdrag van :

Lovius Block

Bloemfontein

Namens verweerder:

Adv. G.Meyer

In opdrag van:

Naudes, Bloemfontein

Jay Mothobi Ing, Johannesburg